

9 Oktober

Hebreërs 5:11-6:14

(Teks: 6:12)

Ons deel in die dinge wat God beloof het

Die Heilige Gees werk heerlik in die lewe van 'n ware gelowige.

- Dit is die Heilige Gees wat ons deur 'n ware geloof aan Christus en sy weldade deel laat kry (Heid. Kat. Sondag 20).
- Hy omvorm ons tot mense wat 'n pragtige, nuwe lewe lei (Gal 5:22-25).
- Hy skenk aan ons wonderlike gawes tot voordeel van almal (1 Kor. 12:7).
- Die Heilige Gees waarborg ook ons uiteindelijke volkome verlossing(Ef. 1:13, 14).

Die ellende is egter dat ons oor die ontsettende vermoë beskik om die Heilige Gees te weerstaan (Hand 7:51), Hom te bedroef (Ef. 4:30), en selfs uit te blus soos 'n mens 'n vuur uitblus! (1 Tes 5:19). Met hierdie dwase optrede kan die mens afvallig word en op die ou end vasloop in die ewige oordeel van God.

Een van die maniere waarop hierdie ramspoedige agteruitgang in 'n gelowige se lewe kan begin, is die nalaat van diepgaande Bybelstudie-traagheid "om te leer". Hierdie traagheid kan 'n proses ontketen wat God uiteindelik openlik oneer aandoen. Is dit nie wat die meerderheid sogenaamde Christene vandag in Suid-Afrika doen nie?

Daarom kom die dringende versoek dat die gelowige met ywer voortgaan tot die "volle inhoud van die boodskap" (Hebr. 6:1, 11). Dan sal ons nie alleen ons heerlike eindbestemming in Christus bereik nie, maar ook die volheid van die Gees in ons lewe hier op aarde belewe.

Sing Psalm 119:39

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)